DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig


11/2024

25 April 2024









## LIEWE MENLO

Een duisend een honderd. Dit is hoeveel toesprake tussen Vrydagmiddag, 19 April en Saterdagaand, 20 April op Menlo-bodem gelewer is. Elkeen van hierdie 1 100 toesprake behoort aan 'n reggebekte en kordaat spreker – party haasbek en ander meer ervare – wat deur 'n ouer ondersteun is. Tel hierby die oumas en oupas wat op die koop toe saamgery het om vir Sus en Boet te ondersteun en jy besef gou dat die aanbieding van die ATKV-streekskompetisie vir redenaars 'n logistiese uitdaging is wat die meeste mense in hulle spore sal stuit.

Die ATKV-organiseerders is jare gelede van bakboord na stuurboord gestuur; op soek na die regte skool om hierdie spoggeleentheid aan te bied. Hier op Menlo-bodem het hulle getalm, dalk selfs getwyfel of Menlo die regte skool is, want wat hulle vra is nie kinderspeletjies nie. Die geskikte koördinaat bied lafenis vir beoordelaars, iets te ete en drinke vir besoekers, rigtingwysers wat die pad vir gaste aandui, rekenaarboffins wat punte verwerk en dit terwyl 'n warm en gemoedelike atmosfeer heers. Met ander woorde, iets tussen 'n militêre oefening en 'n matriekafskeid.

By Wimbledon hoor 'n mens van 'n direkteur en aan die hoof van 'n Olimpiese Spele staan 'n komitee. Op Menlo-bodem noem ons hulle *Parkies*. Wanneer uitdagings opduik, word hierdie superspan nadergetrek. Hulle sê dat 'n jakkals van haar verander en nie van snaar nie, maar hier is 'n enkele SOS-sein genoeg om gewone personeellede en leerders in raakvatters te transformeer. Dit maak nie saak hoe groot of klein die taak nie, dit word vasgevat.

Vrydagoggend was die Parkies net gewone leerders en die personeel net gewone onderwysers, maar teen Vrydagmiddag het elke Parkie wat by die redenaars betrokke was hulle superkrag uitgeleef.

Daar het byna 'n week sedert die ATKV-uitdunne verloop en steeds borrel die Menlo-posbus oor van besoekers wat die Parkies lof toeswaai. Ons vriendelike en goedgemanierde leerders het die gaste met hulle warm harte, nederigheid, hulpvaardigheid en lewensvreugde oorrompel. Aan die stuur van Menlo-sake was me. Ermyntrude Foord en mnr. Corné van Wyk – briljant ondersteun deur 'n formidabele span wat hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt het: Haarfyn beplan en met onderskeiding uitgevoer.

Een duisend een honderd toesprake. Twee duisend besoekers. Een Menlo-span. Dit laat 'n mens wonder of gewone Parkies nie tóg buitengewoon is nie?

# DAGBOEK

**25/4** Koor: Camerata-koorfees

**26/4** Debat: ATKV; eerste ronde (AHS)

**27/4** Rugby: SDC Noordvaal: Helpmekaar (tuis)

**1/5** Werkersdag / Netbal: o. 16A en o. 19A Wildeklawer (Kimberley)




MENLO MA'S WAT

## OMGEE

Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Markus 9:23**

En Jesus sê vir hom: Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.









# AKADEMIE

## Parkies bereik akademiese hoogtepunt!

In hulle strewe na die hoogste word daar verskeie ontdekkings deur die Parkies gemaak. Sommige is verras deur hulle eie potensiaal, sommige behaal 'n persoonlike hoogtepunt en ander gebruik die eerste kwartaal om hulle voete te vind sodat daar later in die jaar diep spore getrap kan word.

Baie geluk aan elke Parkie wat met sy/haar insette gedurende die eerste kwartaal tevrede is en baie dankie aan elke onderwyser wat die koers op die akademiese pad aandui.

Dit is voorwaar 'n prestasie om met 'n top-20-posisie beloon te word, maar elke Parkie hardloop teen sy/haar eie pas. Die volgende mikpunt is om die ander kant van die eksamen met 'n glimlag te bereik. Lekker leer!

### Graad 8

20. Leah de Witt; 19. Raine Smit; 18. Janelle Kirkpatrick; 17. Leila du Plessis; 15. Nika Pienaar & Ruan Nieuwenhuys; 14. Hutton Massyn; 12. Jacques Malan & Heinz Kunzmann; 11. Heinrich Coertze; 10. Leané Gerber; 9. Jaco Aldum; 8. Reinhard Langenhoven; 7. Lua Pretorius; 6. Isabella van der Merwe; 5. Chay Karsten; 4. Lize Coetzee; 3. Mari Coetzee; 2. Divan Heyl; 1. Zea de Villiers (94.11%).

### Graad 9

19. Kendra van Dijk & Dante Slabbert; 18. Jeanne-Marie van Brummelen; 16. Clarabelle Haasbroek & Li-ané van Sittert; 15. Megan Nieman; 14. Leila Arnoldi; 13. Stehan Serfontein; 12. Erwee Blom; 10. Conrad Ehlers & Simoné Spies; 9. Talia Jonker; 8. Markus de Jager; 7. Selie de Villiers; 6. Luané Erasmus; 5. Gisele Geldenhuys; 4. Milan Visser; 3. Joshua Muller; 2. Liané de Wet; 1. Adri de Beer (94.89%).





**Baie geluk, Parkies!**

**#menlotrots**

**Sterkte vir die wintereksamen!**

### Graad 10

20. Lynette Gildenhuys & Liam de Koning; 19. Annika Kloppers; 18. Xanté Strauss; 17. Karla van Rooyen; 16. Xander Smith; 15. Wynand Botha; 14. Ciana Kruger; 13. Corlise Potgieter; 12. Murray Hofmeyr; 11. Livvy Pienaar; 10. Le Roux van Wyk; 7. Megan Schnebel, Nicholas Pretorius & Enya Pretorius; 6. Lauren Malan; 5. Luka Smit; 4. Rian Knoesen; 3. Clara Serfontein; 2. Luan Visser; 1. Erik Senekal (98.57%).

### Graad 11

20. Amilia Coetzee; 19. David Kunzmann; 18. Micaela Swart; 16. Shane Grant & Selmé Beetge; 15. Ininke Human; 14. Mikayla Smit; 13. Gerhard Mahne; 12. Isabeau van Helsdingen; 10. Elzette Fouché en Deané van Zyl; 9. Chenay de Jager; 8. Wihan Vermeulen; 7. Jasper Smit; 6. Ryan Hill; 5. Megan Johnson; 4. Elsjé Groenewald; 3. Andries Beyers; 2. Wilna Beetge; 1. Melike Spies (96.14%).

### Graad 12

19. Kayleigh Rippel en Martielé Kotze; 18. Monya van Zyl; 17. Devan Matthee; 16. Rolandt Grosskopf; 15. Keira de Jager; 14. Genna Cloete; 11. Ruben van Biljon, Altus Malan en Ilme Taljaard; 8. Daniël Pienaar, Mia van Dyk & Marike Louw; 7. Janine Kirsten; 6. Alwyn Esterhuizen; 5. Cari Billman; 4. Ewald Meyer; 2. Daniélle de Wet & Lelize van der Walt; 1. Viljee Smit (97.29%).

# ALGEMEEN





### Menlo is *My School...*
### Swaai asb. u kaart!

MySchool is 'n inisiatief waar ouers fondse vir die skool insamel sonder dat dit hulle enigiets kos.

Die Hoërskool Menlopark doen daarom 'n beroep op u, as ouer, om asseblief van hierdie fondsinsamelingsinisiatief gebruik te maak. Vir u gerief, lys ons graag die stappe wat u kan volg om u eie virtuele kaart te bekom:

- Installeer die MySchool-toep.
- Volg die instruksies op die toep en kies Die Hoërskool Menlopark as begunstigde. Indien u reeds 'n kaarthouer is, kan u die begunstigde deur middel van die toep verander.
- Alternatiewelik kan u die skakel na MySchool se webblad volg om die proses via hierdie platform te voltooi. Skakel gerus die nommer indien u enige probleem ondervind: 0860 100 445.

# SPOG



## Hoe-hoe nou?

Die skool verwelkom graag twee nuwe Parkies op Menlo-bodem: gevlekte ooruile genaamd Excelsa en Petamus. Die twee intrekkers is nie op Teams geregistreer nie, het nie die nodige toegangskodes nie en kon ook nie hulle roosters of vorige rapporte aan die Insig wys nie. Die Insig het desnoods volledige getuigskrifte aangevra en die volgende inligting ingewin: Excelsa en Petamus is daarop gefokus om die hoogste na te streef en kyk slegs vorentoe.

Die twee is egter aanpasbaar, want hulle nekke kan 270 grade draai. Ofskoon die Insig nie 'n akademiese rekord in die hande kon kry nie, beskik Excelsa en Petamus oor die gawe van onderskeiding – in hulle wêreld is voorwerpe slegs swart, wit of grys. Dit sal nie sommer gebeur dat die twee as gevolg van balhorigheid in die moeilikheid beland nie, want die kalante spog met uitsonderlike gehoor.

Indien uile voor in die klas sit, sal hulle eerste hoor. Hulle ietwat ongewone voorkoms is deels te danke aan die feit dat hulle ore effe asimmetries is. Klanke wat reg van bo of reg van onder kom, bereik die een oor voor die ander en daarom weet uile presies waar 'n geluid vandaan kom.

Alhoewel hulle nog relatief nuut op Menlo-bodem is, het Excelsa en Petamus reeds die skool se informele credo aangeneem; hulle weet dat betrokke Parkies gelukkig is, dié dat hulle na donker nog sport ondersteun. Daarby is Excelsa en Petamus kranige krieketaanhangers en word hulle gereeld in die omgewing van die krieketklubhuis opgemerk.

Die Insig heet graag vir Excelsa en Petamus op Menlo-bodem welkom en sien daarna uit om hulle beter te leer ken.



# AKADEMIE

## Menlo gaan groen!



Toe mnr. Kobus Erasmus die dag in die Ouditorium instap, kompleet geklee soos 'n karakter uit 'n Harry Potter-fliek, het die graadelfs dadelik geweet om die ore te spits, want die voortbestaan van alle lewende organismes is immers van fotosintese afhanklik.

Fotosintese is die proses waardeur groen plante energie van die son absorbeer, koolstofdioksied uit die atmosfeer en water vanuit die grond absorbeer om koolhidrate (bv. glukose) te produseer wat in plante gestoor word.

Dit is omtrent 'n mondvol en die Insig (met beperkte kennis) se afleiding is dat die les met voedsel te make het. Voedsel is immers die een onderwerp wat alle tieners laat regopsit. Ofskoon tieners dikwels hulle voedsel in ander verpakkings, soos bv. Julie Bean, verkies, is dit tog belangrik om te verstaan wat die oorsprong van suiker en stysel is.

Die Parkies is na dese behoorlik oor die proses ingelig en sal nou met nuwe oë na groen plante kyk.

# KOOR

## Do, Re, Me, Fa, Só sing die Menlo-koor

Die Parkies het die koorseisoen op 'n hoë noot afgeskop en die ietwat warmer Aprilweer is waarskynlik aan die warmte wat die koor uitstraal te danke. Konsertgangers is verlede week by die Legato-koorfees op musikale genot getrakteer en vandeesweek het hulle die gehoor by die Choral Celebration Concert gaande gehad. Dit was veral Sizongena, die koor se Afrikawerk, wat vir 'n opskudding gesorg het.

Die koor sit hulle voorbereiding vir die eisteddfod vanaand by The High School Choral Extravaganza voort waar hulle die verhoog onder meer met PHSG, PBHS, Hoërskool Linden en Tuks Camerata sal deel.

Menlo se musikale stemme en ore is op peil om optimale koorfiksheid te bereik en die Insig hou hulle vordering met belangstelling dop. Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp vir haar musikale leiding en aan die koorlede vir hulle toewyding.









# MUSIEK

## 3 hoera's x 3 oktawe = sukses⁹

Nie een nie. Nie twee nie, maar drie oktawe is hoe ver Jeanne-Marie van Brummelen (gr. 9) haar soepel sopraanstem kan strek. Die talentvolle Menlo-musikant het onlangs aan die National Eisteddfod Young Performer Awards-kompetisie deelgeneem en die beoordelaars behoorlik na hul asems laat snak. Dit wil voorkom asof Jeanne-Marie se sukses in veelvoude van drie gemeet kan word: 90% is die sleutel wat die deure na hierdie kompetisie in die kwalifiserende ronde vir haar oopgesluit het en 9 Mei is die dag waarop sy aan die semifinaal sal deelneem.

Hartlik geluk aan hierdie talentvolle Menlo-musikant!







## Mamma Mia!
## Dis graad 10's en 11's!

*I've been cheated by you since I don't know when!* Die Insig was onder die indruk dat die Parkies in die onderstaande foto's gewone graad 10's en 11's is, maar hulle is duidelik in 'n klas van hulle eie. Dié leerders wat musiek as vak neem, het die skool op die dag van hulle eerste PAT-assessering as gewone Parkies verlaat, maar 'n paar uur later as musikale Griekse gode en godinne teruggekeer. Die manier waarop die musieklokaal in 'n japtrap in 'n toneel uit Mamma Mia verander is, het verder bewys dat improvisasie nie net met 'n instrument in die hand gebeur nie. Die gehoor het gerapporteer dat die aand uiters genotvol was en kommentaar soos: "Mamma Mia" en "Bravo" is verskeie kere gehoor.

Encore!












# Menlo maak skoonskip by NWU-reeks




## NETBAL

**Menlo vs. Oos-Moot**

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 14A: 25-24 | O. 14B: 32-7 | O. 14C: 20-5 | O. 14D: 34-5 |
| O. 15A: 22-23 | O. 15B: 35-11 | O. 15C: 23-7 | O. 15D: 25-10 |
| O. 16A: 25-14 | O. 16B: 24-8 | O. 16C: 29-9 | O. 17A: 40-9 |
| O. 17B: 37-6 | O. 19A: 36-23 | O. 19B: 25-12 | O. 19C: 35-3 |

** Die week se wedstryde (rugby, hokkie en netbal) was met die finale uitleg van Insig 11 nog nie afgehandel nie. Dit sal in Insig 12 verskyn.*



# PERDRY

## Menlo-ruiters behaal weer sukses

Die derde been van Sanesa se kernliga is afgehandel en Menlo se ruiters kook!

### Dresseer

1ste: Dea Higgins, Ziané & Mieke vd Berg
2de: Paige Durrant
3de: Annebell Pienaar & Roi Fourie
4de: Annebell Pienaar
6de: Mieke vd Berg & Paige Durrant

### Equitation

1ste: Milan Brink & Minke Kruger
2de: Ziané vd Berg
3de: Lisa Fouche
5de: Avril du Plessis

### Performance Riding

1ste: Dea Higgins
2de: Mieke vd Berg
3de: Ziané vd Berg

### Prix Caprilli

1ste: Mieke vd Berg (x2)
2de: Paige Durrant (x2)
3de: Chloe Durrant (x2) & Roi Fourie
6de: Roi Fourie

### Working Hunter

1ste: Paige Durrant
2de: Annebelle Botha
3de: Mieke vd Berg
4de: Ziané vd Berg
6de: Avril du Plessis

### Showjumping

1ste: Micaela Cloete (x2) & Minke Kruger
2de: Ziané vd Berg
3de: Amelia Smit
4de: Minke Kruger
5de: Avril du Plessis, Lisa Fouche & Madia vd Westhuizen
6de: Lisa Fouche & Madia vd Westhuizen

### Working Riding

5de: Annebelle Botha

### In-hand Utility

1ste: Ziané vd Berg

Die Insig het intussen verneem dat Jana Joubert een van slegs tien ruiters in Gauteng is wat gekies is om Gauteng se Endurance Union Span in die Fauresmith Uithourit te verteenwoordig.

Dié uithourit wat oor etlike dae plaasvind, stel uitsonderlike hoë eise aan ruiters en perde.

Dis algemene kennis dat Parkies nie vir uitdagings terugdeins nie en daar is by Menlo geen twyfel dat Jana hierdie uitdaging met onderskeiding sal afhandel nie. Hou bene hou!









# SKAAK

## Menlo-skaak: drie uit drie

Pretoria Technical High School het vandeesweek hulle rieme teen Menlo se skaaksterre styfgeloop.

Die Parkies het hulle teenstanders telkens in 'n hoek geskuif en onder die mat ingevee om drie oorwinnings in drie wedstryde te beklink.

O. 15: 5 uit 6
O. 17: 6 uit 6
O. 19: 3.5 uit 6

Knap gedaan aan die spelers en organiseerder, me. Anouk de Klerk.

# MARKPLEIN






















**HUIS te HUUR in LYNNWOOD**

Vierslaapkamergesinshuis naby die skool.
Kamers kan afsonderlik verhuur word; prys per kamer vanaf R5 500.

**Kontak Liesl: 083 410 1914**

